



Verwysing: 20160720-2459
14/7/1/2
Navrae: NF Sobetwa-Magodla

Omsendbrief: 0027 /2016
Vervaldatum: 30 November 2016

Aan: Hoofdirekteure; Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore); Adjunk-direkteure; Hoofonderwyskundiges; Bestuurders: Kurrikulumondersteuning; Kringbestuurders; Bestuurders: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur; Bestuurders: GLOO-koördinerings; Assesserings-koördineerders; Vakadviseurs en Bestuurders van leersentrums vir volwassenes

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief lig die leersentrums vir volwassenes in aangaande die finale rooster en reëlings vir die November 2016 Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (VBOO) Vlak 4-eksamens.*

Onderwerp: Finale rooster en reëlings vir die November 2016 Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (VBOO) Vlak 4-eksamens

1. Aangeheg is die rooster vir die November 2016 Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (VBOO) Vlak 4-eksamens. Die eksamens sal op 02 November 2016 begin en op 24 November 2016 eindig. Alle eksamensessies sal om 14:00 begin. Nalating om by die eksamendatums en tye te hou sal as 'n onreëlmatigheid beskou word.
2. Gehalteversekering van eksamenprosedures is noodsaaklik om die geloofwaardigheid van die eksamens te verseker. Dit sal onaangekondigde besoeke aan eksamensentrums insluit om te verseker dat alle eksamens volgens die toepaslike regulasies afgeneem word. Verteenwoordigers van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD), Umalusi en die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding sal die eksamenprosedures by die eksamensentrums monitor. Neem asseblief kennis dat moniteurs slegs toegelaat mag word om 'n eksamen te monitor as hulle bewys van identiteit en 'n magtigingsbrief om 'n eksamen namens die betrokke kantoor te monitor, kan toon.
3. Indien 'n sentrum se eksamens op die terrein van 'n hoofstroomskool afgeleë word, moet die sentrumbestuurder vooraf reëlings vir die gebruik van die kluis, die administratiewe afdeling, klaskamers, ablusiegeriewe, ens. tref.

4. Die sentrumbestuurder is verantwoordelik en aanspreeklik vir alle administratiewe aangeleenthede wat met die eksamens verband hou.
5. Geen kandidaat mag in die eksamenlokaal toegelaat word tensy hy of sy 'n toelatingsbrief en 'n identiteitsdokument kan toon nie. (Let daarop dat, indien 'n kandidaat toegelaat word om eksamen sonder 'n geldige identiteitsdokument en toelatingsbrief te skryf, hy of sy binne 24 uur bewys van identiteit moet verskaf. Nalating hiervan sal 'n onreëlmatigheid in die eksamen beskou word.)
6. Die hoofopsiener moet seker maak dat kandidate die eksamenlokaal 35 minute voor die amptelike aanvangstyd van die eksamensessie binnegaan. Hierdie tyd moet soos volg aangewend word:
 - 6.1 Die eerste 25 minute moet aangewend word om die kandidate hul regte sitplekke te laat inneem, vraestelle en antwoordboeke uit te deel en die eksamenregulasies vir hulle voor te lees.
 - 6.2 Gedurende die oorblywende 10 minute moet die kandidate die geleentheid kry om deur die vraestel te lees.
 - 6.3 Dit is nie toelaatbaar om enigiets gedurende die 35 minute te skryf of notas te maak nie. Die oortreding van hierdie reël sal as 'n onreëlmatigheid beskou word.
 - 6.4 Kandidate moet ophou skryf op die tyd wat op die eksamenrooster aangedui word.
7. Sentrumbestuurders word versoek om:
 - 7.1 so gou as moontlik roosters aan al hul onderwysers en kandidate te verskaf sodat hulle hul vir die eksamens kan voorberei; en
 - 7.2 al hul kandidate daaraan te herinner dat hul identiteitsdokumente en toelatingsbriewe voor die aanvang van elke eksamensessie getoon moet word om enige identiteitsbedrog te voorkom.
8. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle kandidate en onderwysers.

GETEKEN: PA VINJEVOLD
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2016-07-30